

4 Oktober

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:1-12

Fokusgedeelte: NGB, Art 22

Die genoegsaamheid van Christus as Verlosser

Partykeer is dit moeilik om standpunt in te neem. 'n Mens wil graag almal tevrede stel. Die Galasiërs het Christus as Verlosser leer ken, maar om die Joodse lidmate nie aanstoot te gee nie het hulle begin om die wette en feesgeleenthede van die Ou Testament en die besnydenis te onderhou. Só, het hulle geglo, kon daar vrede onder hulle wees.

Paulus het glad nie vrede hiermee nie. Hy beskou hulle optrede as verbreking van die band met Christus (vers 4). Sy argument is dieselfde as wat ons in Artikel 22 (NGB) vind. Óf die geloof in Christus is genoeg vir ons saligheid óf dit is nie genoeg nie. As Christus nie genoeg is nie, is Hy 'n halwe Verlosser, en dus eintlik geen verlosser nie. Ware vryheid lê in die omhelsing van Christus as enigste en genoegsame Verlosser (vers 1).

Die Galasiërs se "CHRISTUS-PLUS-DWALING" bestaan vandag nog in baie gedaantes. Verskeie godsdienstige groepe stel, behalwe die geloof in Jesus Christus, ook nog sekere seëninge van die Gees, of die verering van voorvaders of heiliges, of 'n bepaalde ras of velkleur of geslag, of sakramente of liturgiese voorskrifte as 'n voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk en die saligheid. "Eers dan sal jy 'n *ware Christen* wees," word gesê of gesuggereer. Dit lyk nogal onskuldig en akkommoderend om ter wille van ander jou aan hierdie ekstra eise vir die geloof te onderwerp, maar inderwaarheid is jou duurgekoopte vryheid in Christus op die spel. Omhels Christus alleen! Laat jou geloof in Hom deur liefde tot daad oorgaan (vers 6).

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)